# Gebedsbulletin
# No. 17 van 2025

## 27 APRIL 2025

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

## Die soort liefde wat SA van Christene nodig het

Borilla die Slagter, het hulle hom genoem. Dié bynaam het hy gekry, omdat hy soveel Jode in die vroeë veertigerjare van die vorige eeu, in Roemenië doodgemaak het. Dit was tydens die Tweede Wêreldoorlog en hy was 'n Roemeense huursoldaat, wat vir die Nazi's gewerk het. Hy het soveel Jode op die grens van Roemenië doodgemaak, dat hulle hom later moes terugstuur na sy tuisstad, Boekarest, omdat daar geen Jode meer gevind kon word om uit te wis nie. Wat hy nie geweet het nie, was dat sy lewe op die punt was om te verander. Dinge sou verander as gevolg van die enigste oorblywende familielid van een van die Joodse families, wat hy uitgewis het. Haar naam was Sabina Wurmbrand en sy was getroud met 'n predikant, genaamd Richard. Hulle was eers ateïste, maar het later tot geloof gekom en die Goeie Nuus van Jesus passievol aan alle Roemeense mense, wat hulle pad gekruis het, verkondig. Hulle het ook Jode in hulle huis weggesteek, sodat die Duitsers hulle nie kon vind nie. Richard self was drie keer in die tronk as gevolg van sy geloof en waagmoed, en Sabina twee maal. Elke keer is hulle gemartel en geslaan om te moet vertel waar hulle die Jode wegsteek. Moedeloos en sonder enige inligting, behalwe die Goeie Nuus van Jesus, wat in hulle ore weerklink het, moes die Duitsers hulle elke keer maar net weer laat gaan. Na die eerste keer wat Richard deur die soldate verniel is, vra sy vrou vir hom hoe hy voel, waarop hy antwoord: "Daar was baie pyn en my lyf is seer. Ek was egter bevoorreg dat ek aan die kant was van diegene wat geslaan is en nie aan die kant van die slaners nie." Eendag hoor Richard dat Borilla die Slagter terug in die stad is en hy hoor ook waar hy woon. Hy vertel egter niks hiervan vir Sabina nie, maar daardie nag kon hy nie slaap nie. In die middel van die nag staan hy op en gaan na die huis van Borilla. Aangesien Borilla nie geweet het wie Richard en Sabina was nie, aanvaar hy Richard se uitnodiging om by sy huis iets te ete te kom kry. Toe Borilla sy voete in die Wurmbrands se huis sit, begin Richard hom van Jesus vertel. Hy vertel vir Borilla dat Sabina, die enigste oorblywende familielid van 'n familie, wat hy uitgemoor het, net hier in die kamer langsaan slaap. Teen hierdie tyd wou Borilla niks weet nie en was sy enigste begeerte om uit te storm en terug huis toe te hardloop. Richard haal hom egter oor om te bly en hy gaan maak vir Sabina wakker om vir haar te vertel dat die moordenaar van haar familie in hulle sitkamer staan. Sonder 'n woord het Sabina opgestaan, na Borilla toe gestap, haar arms om hom gegooi, hom vasgedruk, op sy wang gesoen en gefluister: "Christus het my vergewe. Hy sal jou ook vergewe. Sit, dan gaan maak ek vir jou kos." Daardie nag verander 'n moordenaar se identiteit van Borilla die Slagter, na Borilla die kind van God. Hy sluit aan by die Wurmbrands se groepie gelowiges. Saam met hulle het hy talle Roemeense Jode, sowel as ander mense en selfs soldate se lewens gered. Ek het al soveel keer gewonder hoe ons mooi land anders sou wees, indien die volgelinge van Jesus hierdie soort liefde sou openbaar teenoor mekaar en aan almal anders, ook ons vyande in Suid-Afrika. Dis tog hoe die liefde van Jesus in lewende lywe lyk. In Sabina se joernaal skryf sy die volgende woorde: "In my ganse lewe het ek nog slegs twee mans gesoen. Die eerste een was my eie man. Die tweede, die man wat my familie uitgemoor het."

***Geskryf deur Roedolf Botha***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Carin Wilsenach
Anna Chandler
Hannah Bylsma
Tannie Charmaine Venter
Oom Andrew Oosthuizen
Wikus Holtzhausen
Jan Viljoen
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Theo Prinsloo
Juanita Rossouw




**Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .**
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in